SABAP2



SOUTHERN AFRICAN BIRD ATLAS PROJECT 2

Kits-gids

Doug M. Harebottle, Neil Smith,
Les G. Underhill, Michael Brooks & Marius J. Wheeler

Eerste Afrikaanse Uitgawe, Augustus 2007

SOUTH AFRICAN national biodiversity institute
SANBI

AVIAN DEMOGRAPHY UNIT

BirdLife SOUTH AFRICA

*Die gids bedien u met 'n opsomming van die **SABAP2** protokol wat u in staat sal stel om dadelik te begin met u atlas werk. As u meer inligting oor 'n spesifike aspek van die protokol wil verkry of miskien meer oor die projek self wil weet, verwys gerus na die volledige instruksie boek (net in Engels beskikbaar) wat u van die **SABAP2** webtuiste kan aflaai (www.sabap2.org).*

Waar word atlas opnames gedoen?

- Enige plek in Suid Afrika, Lesotho en Swaziland.
- Opnames word gedoen in vyftal selle (**pentad grid cells)**, in Engels meer bekend as **pentads**.
- 'n Vyftal sel beslaan 'n area 5 minute breed by 5 minute lank (m.a.w. 5' × 5'). Verwys na Fig.1.
- Elke vyftal sel is ongeveer 8 × 7.6 km groot.
- Daar is nege vyftal selle in elke kwart-graad sel.
- 'n Kwart-graad sel verteenwoordig een 1:50 000 topografiese kaart (m.a.w. 15' × 15').

Figuur 1.

Hoe lank neem die opnames?

- 'n Minimum tydperk van twee ure vir vyftal selle met hoofsaaklik dieselfde habitat (bv. Karoo), en 6-10 ure vir selle met 'n verskydenheid van habitat (bv. Bosveld).
- Die maksimum tydperk vir een opname is vyf dae.

Waneer word die opnames gedoen?

- Enige tyd geduurende die jaar maar probeer om ten minste een opname per vyftal sel te doen vir beide somer en winter.
- U kan soveel opnames doen soos u wil maar onthou om net een opname per vyftal sel, vir elke vyf dag periode te doen.

Figuur 2.

Wat behels 'n atlas opname?

Dag 1

- Beplan u roete deur die vyftal sel om so bes moontlik alle areas te dek in die tyd beskikbaar. Die doel is om so veel as moontlik van die beskikbare spesies met u eerste poging te identifiseer. Verwys na Fig. 2.
- Onthou om net spesies wat binne die sel voorkom aan te teken. Indien u die sel moet verlaat en weer terugkeer, maak seker u weet waar die sel se grense lê. 'n Navigasie toestel (**GPS)** kan vir die doel gebruik word alternatief kan u gebruik maak van landmerke beskikbaar op die topografiese kaart.
- Nuwe spesies word aangeteken in die orde waarin u hulle sien of hoor.
- Neem kennis van die aantal nuwe spesies wat u elke uur waarneem, en dui dit aan gedurende u opname.
- Teken additionele inligting aan indien moontlik (bv. broei aktiwiteit, watervoël tellings, ens.). Die inligting is uitsluitlik OPSIONEEL.

Dag 2-5

- Sou u nuwe areas van die vyftal sel besoek (wat u miskien nie in dag 1 kon doen nie), of miskien spesies gedurende die aand waarneem, kan u die nuwe spesies byvoeg soon en wanneer u hulle waarneem.
- Einde ten laaste u alle habitat en areas in die vyftal sel goed deurgewerk het, en u oortuig is dat u ‘n omvattende lys saamgestel het, kan u die inligting deurstuur aan **SABAP2** (sien benede).

Hoe kan u u observasies aanteken?

U kan enige van die volgende metodes gebruik:

1. **Veld data vorm**
    a. ‘n Spesie lys in **Roberts 7**, **Roberts 6** of alfabeties volgorde met die nodige spasie om die reeks nommer aan te teken
    b. die vorms kan afgelaai word van die **SABAP2** webtuiste: www.sabap2.org
    c. ‘n Seleksie van ses streeks vorms is beskikbaar om van te kies
2. **Veld rekord vorm**
    a. gebruik die vorm om spesies aan te dui en enige additionele inligting aan te teken
    b. die inligting kan later na die relevante veld data vorm oorgedra word of direk in die elektroniese sisteem ingevoer word (sien benede).
    c. die vorm kan afgelaai word van die **SABAP2** webtuiste: www.sabap2.org
3. **U eie veld notaboek**
    a. gebruik u eie notaboek om spesies wat waargeneem word in ‘n geordende wyse aan te teken.
    b. die inligting kan later na die relevante veld data vorm oorgedra word of direk in die elektroniese sisteem ingevoer word (sien benede).
4. **U diktafoon**
    a. neem die inligting met u diktafoon op en vermy enige skryfwerk in die veld
    b. die inligting kan later na die relevante veld data vorm oorgedra word of direk in die elektroniese sisteem ingevoer word (sien benede).

Watter toerusting het u nodig?

- Vêrkykers / Teleskoop
- Voël-gidse (SASOL, Newman’s, ens.)
- Kaarte
- Navigasie toestel (**GPS)**
- Skryfbord met veld data en rekord vorms
- Notaboek of diktafoon
- Pen / Potlood
- Polshorlosie / Selfoon
- **SABAP2** waarnemer kaart (verkrygbaar met u registrasie)

Watter soort habitat moet u dek?

Tydens u opname, probeer om so bes moontlik alle algemene habitat kategorieë in die vyftal sel te verteenwoordig. Om ‘n voorbeeld te noem: sou u sel drie vleilande insluit, stel ons voor u besoek die grootste vleiland eerste. Dit sal u kanse om goeie spesies diversiteit maksimaliseer. Indien u later meer tyd beskikbaar het, en sou u wou, is u welkom om die ander twee vleilande ook te besoek.

Verskillende habitat wat ingesluit word:

- Woude (insluitend hoogland en laagland)
- Vleilande (insluitend moerasse, panne, damme, mere, riviere, rivier en gety-mondings, rioolwerke)
- Grasvlaktes
- Bosveld (insluitend gemengde bosveld, doringveld, ruigtes, uitheemse bome, plantasies)

- Fynbos
- Karoo
- Landbou grond
- Berge en klowe
- Stedelik en voorstedelike areas (insluitend parke, tuine en opgeboude areas)
- Strande
- Oop see (insluitend enige spesie wat jy positief van die strand af kan identifiseer)

U is welkom om enige spesifieke tipes habitat te besoek wat dalk deel mag vorm van die bogenoemde habitat kategorieë. Voorbeelde mag insluit Akasia doringveld, Mopanie veld, Berg fynbos, ens.). Uiteindelik wil ons graag hê u moet soveel moontlike areas besoek sodat u u kanse om goeie spesies diversiteit kan maksimaliseer.

Hoe stuur u die data in na die projek?

U kan een van twee metodes gebruik:

1. **vul die veld data en rekord vorms** in en stuur dit aan: **SABAP2**, Avian Demography Unit, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch, 7701, of
2. **maak gebruik van die elektroniese Data Management System** wat beskikbaar is op die kompak skyf (CD Wegspring-pak). Tik u rekords in direk vanaf u veld data en rekord vorms, notaboek of diktafoon. Daarna stuur u die data per epos na die ADU. Die **Data Management System** kom met 'n gebruiksvriendelike handleiding wat presies vir u verduidelik hoe om u data vas te lê, te stoor en en aan te stuur.

Hoe begin u?

1. Eerstens moet u registreer as 'n **SABAP2** waarnemer. U kan aan-lyn registreer op die **SABAP2** webtuiste (www.sabap2.org) of kontak die Avian Demography Unit by tel: 021 – 650 4998 / 2330 of stuur 'n epos aan Doug Harebottle by: doug.harebottle@sabap2.org).

2. Na registrasie moet u reël om u Wegspring-pak te ontvang. Die pak is beskikbaar in papier-formaat of elektronies op kompak skyf. Die papier formaat bevat afskrifte van die instruksie boek sowel as die veld data en rekord vorms. Die elektroniese pak bevat bogenoemde insluitend die sagteware vir die **Data Management System**, 'n gebruiksvriendelike geografiese inligtings stelsel (**GIS**) asook 'n stel 1:50 000 digitale topografiese kaarte vir u area.

3. U Wegspring-pak kan verkry word van u naaste voël klub, die Avian Demography Unit (doug.harebottle@sabap2.org) of vanaf BirdLife Suid Afrika (neil.smith@sabap2.org). 'n Lys van voël klubs in Suid Afrika is beskikbaar op die **SABAP2** webtuiste (www.sabap2.org).

Waar kan u topografiese kaarte bekom?

1:50 000 topografiese kaarte is beskikbaar vanaf: Chief Directorate: Surveys and Mapping (CDSM) in Kaapstad. Hulle kan gekontak word by tel: 021 658 4400, Faks: 021 686 9884 of epos: sales@sli.wcape.gov.za. Die koste van kaarte beloop R10 (plus R35 vir verpakking en posgeld).

Alternatief is daar ook 'n paar kommersiële verskaffers van topografiese kaarte in verskeie provinsies. Kontak besonderhede is beskikbaar op die **SABAP2** webtuiste. Neem kennis dat laasgenoemde se pryse dalk duurder mag wees.

Indien u navrae het, wie kontak u?

Indien u enige probleme ondervind of enige navrae het omtrent die **SABAP2** projek, kontak gerus vir Doug Harebottle by die Avian Demography Unit. Doug kan geskakel word by tel: 021 650 2330, sel nommer: 082 736 3087 of per epos: doug.harebottle@sabap2.org). Alternatief kan u vir Neil Smith van BirdLife Suid Afrika skakel by tel: 011 789 1122, sel nommer: 082 859 3788 of per epos: neil.smith@sabap2.org).

Dankie vir u belangstelling en ons hoop u geniet u deelname in hierdie belangrike projek – voëlbewaring benodig u hulp!